# Jaarverslag van die Hoërskool Montagu 2024

# INHOUDSOPGAWE

1. Skoolhoof se verslag
2. SBL bedanking
3. HSMO se verslag en bemarking
4. Akademie en NSS
5. Kultuur & Leierskap
6. Sport
7. Grond en Geboue
8. Dissipline
9. Waardes
10. Koshuis
11. Slotopmerkings en Vooruitsigte 2025

H.S.Montagu

Kwaliteit onderrig en leer



Geagte Ouers / Voogde

Ons kan met dankbaarheid terugkyk na ‘n geseënde 2024-skooljaar by Hoërskool Montagu. Dankie aan elke persoon wat met die skryf van die jaarverslag ‘n bydrae gelewer het om, dit wat die jaar in en om Hoërskool Montagu plaasgevind het, weer te gee. Die harde werk wat deur personeel, leerders, ouers/voogde en die gemeenskap gedoen is, verdien egter die eer.

Daar is soveel waarop ons kan trots wees en elkeen se bydrae en toewyding is van onskatbare waarde om ‘n beter, uitnemende skool vir die toekoms te bou.

Die hooffokus van Hoërskool Montagu is om ‘n gebalanseerde opvoeding aan elkeen van ons leerders te verskaf en daarom plaas ons die klem op akademie. Ons is in oorvloed geseën met ‘n bekwame personeelkorps met diverse kennis en vaardighede om te verseker dat die kurrikulum tot die beste van ons vermoë en in die beste belang van al ons leerders suksesvol gelewer word.

Dankie vir elke ouer/ voog se bydrae. U hulpverlening agter die skerms, betrokkenheid by sport en funksies en u finansiële ondersteuning aan ons skool word waardeer. Sonder u kan Hoërskool Montagu nie suksesvol wees nie.

Ons het ‘n span van baie toegewyde ouers/voogde op ons Skoolbeheerliggaam. Hulle onbaatsugtige diens en belangstelling in ons kinders se opvoeding neem baie van hul opoffering en tyd in beslag. Hulle is hoogs bekwaam en aanvaar elke uitdaging met entoesiasme. Ons dank u daarvoor.

Soos ons 2024 se einde nader, moet ons reflekteer oor die jaar se gebeure om perspektief te kan kry oor al ons moeite en harde werk. Dit was ‘n besige en suksesvolle jaar met vele aktiwiteite en prestasies. Ek wil graag ‘n paar uitlig:

- Ons vier ons matriekklas van 2023 se pragtige uitslae met vier gemiddelde A-simbole!
- Ons skool se eie gimnasium word in gebruik geneem.
- Spog badkamerfasiliteite vir volwassenes en besoekers word langs die A-rugbyveld voltooi.
- Op kultuurgebied het ons vele toekennings verwerf by die jaarlikse Montagu Jeugkunstefees.
- Ons sportspanne presteer pragtig en die Interskole-beker staan steeds veilig in ons vertoonkas.
- Ons eie sonkragstelsel word aangeskakel. Ons gee om vir die omgewing, gaan groen en raak ontslae van beurtkrag tot voordeel van ons akademie.

- ‘n Pragtige nuwe tegniese area word langs die A-hokkieveld deur ons Ondersteunersklub voltooi.
- Ons pad na ons sportfasiliteite en klubhuis word netjies opgegradeer.
- Ons bied ons eerste Platinum-lentebal suksesvol aan.
- Verdere verbeteringe, projekte en prestasies sal in hierdie jaarverslag vervat word.

Ons visie, missie en waardes moet altyd ons basis wees waarvolgens ons seker maak dat ons leerders groei en ontwikkel tot volwaardige burgers van Suid-Afrika.

**Mnr. J. T. Benadie**
**SKOOLHOOF**

# 2. SKOOLBEHEERLIGGAAM (SBL)

Hierdie liggaam se ondankbare diens word nie altyd na waarde geskat nie. Die kennis en kontakte waaroor die SBL kollektief beskik, stel ons in staat om met min geld baie gedoen te kry.

Ons innige dank aan hierdie groep ouers en personeellede wat soveel vir die skool beteken.

Die lede van die nuutverkose SBL vir die 2024 – 2027 termyn is:

| | |
|---|---|
| Mev. M. Dettbarn | (Voorsitster) |
| Mnr. P. Olivier | (Onder-Voorsitter) |
| Mev. E. Roos | (Tesourier) |
| Mev. J. Beukes | (Sekretaresse / Onderwyspersoneel) |
| Mnr. H. Gous | (Ouer) |
| Mnr. C. Hanekom | (Ouer) |
| Mnr. P. Strydom | (Ouer) |
| Mnr. N. Joubert | (Ouer) |
| Mev. L. Ferreira | (Onderwyspersoneel) |
| Mnr. J. Benadie | (Skoolhoof) |
| Mev. L. Lewis | (Nie-onderwys personeel) |
| Mnr. F. Stemmet | (Hoofleier) |
| Me. N. Beukes | (Hoofleier) |

Ons nuutverkose SBL se termyn eindig in Maart 2027. Ons wens hulle alle sterkte toe en wil graag ‘n beroep op al ons ouers / voogde doen om ons SBL te ondersteun in hul belangrike taak. Ons wil vir u die versekering gee dat elkeen van hulle ten alle tye die skool, elke leerder en elke personeellid se beste belang altyd eerste stel.

# 3. HSMO JAARVERSLAG EN BEMARKING

**Bemarking: Die jaar in oorsig**

‘n Nuwe beheerliggaam is verkies en die volgende lede van die beheerliggaam en skoolpersoneel maak deel uit van die bemarkingsportefeulje:

| | |
|---|---|
| Mev. M. Dettbarn | Voorsitter |
| Mev. E. Roos | Sekretaresse) |
| Mnr. P. Strydom | SBL-erteenwoordiger |
| Mnr. P. Booysen | Skoolverteenwoordiger |
| Mev. C. Burger | Skoolverteenwoordiger |
| Mev. L. Ferreira | Skoolverteenwoordiger |
| Mev. F. Roux | Skoolverteenwoordiger |
| Mev. A. van Brouwershaven | Skoolverteenwoordiger |

Bogenoemde span besluit saam oor watter strategieë om te volg om die skool se handelsmerk te bemark en uit te brei. Die hoofdoel van bemarking is om te beїnvloed hoe mense voel en dink oor die skool en dus die skool se beeld te bevorder. Die skoolhandelsmerk is meer as net ‘n logo of ‘n hashtag, die handelsmerk moet die hartklop van die skool uitbeeld. Ons maak dus gebruik van ons webtuiste en sosiale media platforms, soos Facebook en Instagram om die kultuur in ons skool uit te beeld. Ons is die skool in die platteland vir die platteland wat beteken ons skool het ‘n sterk gevoel van gemeenskap en nouer verhoudings met mekaar as wat in groter skole voorkom.

Die bemarking het ook die jaar begin om produkte met die skool se handelsmerk op te verkoop. Produkte soos “hoodies”, komberse en kouse is verkoop,sodat die gemeenskap ook kan deel in die trots van deel wees van Hoërskool Montagu. Die bemarking wil graag die Ondersteunersklub bedank vir al die fondse wat hul insamel en al die projekte wat hul aanpak met daardie fondse wat die skool se beeld bevorder en sodoende direk aansluit by bemarking se hoofdoel.

**HSM ONDERSTEUNERSKLUB (HSMO): Die jaar in oorsig**
**Saamgestel deur Lize Rossouw**

Op 12 Maart is ʼn nuwe Bestuur vir 2024/2025 verkies tydens die HSMO se Algemene Jaarvergadering. Na afloop hiervan spog die HSMO vir die eerste keer sedert sy ontstaan met ʼn 100% dames-samestelling. Die nuwe Bestuur belowe om ʼn dinamiese wenspan te wees. Die posisies is as volg: Mariek Dettbarn (Voorsitter), Lize Rossouw (Ondervoorsitter), Esterine Roos (Tesourier), Sandra Joubert, Carien Burger (Skoolverteenwoordiger), Ellen Joubert (Skoolverteenwoordiger), Vicky Ellis (Sekretaresse) en Daniellia Beetge. Elkeen van die nuwe lede is werkende ouers wat voltyds betrokke is by ander instansies in die week maar, steeds bereid is om kosbare tyd af te staan aan Hoërskool Montagu.

Die nuwe Bestuur het sy bestaande projekte herevalueer, besluit wat geprioritiseer moet word en het ook nuwe projekte daargestel vir die jaar wat voorlê.  Tyd en hulpbronne is immers kosbaar en moet effektief moontlik aangewend word. Die hoofdoel van die HSMO word steeds as riglyn gebruik, naamlik: Die bevordering van die skool (geriewe, toerusting, perseel), leerders en om die skool se beeld te bevorder.  Die nuwe Bestuur is dit eens dat die harde werk wat ingesit word ŉ duidelike verskil moet maak aan die skool, nie net op korttermyn nie, maar ook staande moet bly vir die toekoms.

Die HSMO se trots is steeds die Voerkraal en hierdie projek is nog lank nie voltooi nie. Vanjaar se toevoegings tot hierdie projek sluit die toemaak van die eerste derde van die agterstoep in. Hierdie nuwe werksarea beskik oor kragpunte en gee genoeg spasie om gemaklik aan die kosbehoeftes van groot sportdae te voorsien, sonder om ekstra tente te moet opslaan. Tydens vanjaar se tuis-Interskole moes daar egter steeds nog windseile en ŉ tent vir skadu bygevoeg word, maar kon al die kos op hierdie agterstoep-area voorberei word. Interskole het ons wildste verwagtinge oortref en ons kan met trots sê dat die Voerkraal voldoen aan alles waarvoor dit beplan is. Ons prosesse het seepglad verloop en met ekstra ouers se hulp is daar die hele dag kos voorsien, sonder haakplekke. Daar is ook vanjaar geld spandeer aan nuwe toerusting vir die voerkraal soos ŉ warmhou-kas vir snackwiches en pasteie, ons eie gasbottels, asook twee *chafing dishes* wat ons toelaat om kos warm te hou sonder om van elektrisiteit afhanklik te wees. Die toemaak van die agterstoep en die ander toevoegings het ons vanjaar ongeveer R24 000 gekos.

Vanjaar se nuwe groot projek is om ons tweede skeepsvraghouer (wat deur Langeberg Ashton Foods geskenk is) te omskep in ŉ '*dugout*' oftewel spanpawiljoen vir die hokkie A-veld. Wanneer hierdie projek 100% voltooi is, sal dit ŉ treffende toevoeging tot Hoërskool Montagu se hokkie-kultuur wees waarop ons spelers en hul afrigters baie trots kan wees.  Die '*dugout*' spog met pragtige hakke vir die spelers se klere en sakke, asook splinternuwe bankies. Ons moet spesiale dank rig aan Hannes Gous wat as hoof van die Grond en Terrein-komitee ons heelhartig ondersteun het en ons hand gevat het om alles so vining en effektief moontlik gedoen te kry. Ook spesiale dank aan  Jacques Nel wat geskakel het met die verwers en verskaffers en Morné Fourie wat sy tyd opgeoffer het om die skeepsvraghouer oop te sny. Die vloere moet nog behandel word en die voorkant sal nog onder toegemaak word om sy fondasies te versteek en dit netjies af te rond. Huidiglik staan die onkostes vir hierdie projek op R45 000, met afrondingswerk wat nog gedoen moet, wat die vloere insluit, teen ŉ addisionele koste van om en by R15 000.

Die HSMO is passievol oor die bevordering van atletiek by Hoërskool Montagu en wil ons leerders die geleentheid gee om blootgestel te word aan professionele standaarde en om met die regte toerusting te kan oefen. Ons het reeds vanjaar die

skool bygestaan in die aankoop van nuwe spiese en diskusse, maar ons groot droom is om volgende die verspringgat te kan oordoen, sodat die huidige area omskep kan word in iets om op trots te wees. Om dit professioneel te laat doen, sal ongelukkig ŉ allemintige R200 000 kos. So ons ondersoek huidiglik alternatiewe maniere hiervoor. Hierna wil ons ook poog om die skool se hekkies te vervang, maar klein treetjies op ŉ slag.

Nog ŉ nuwe inisiatief wat deur die nuwe Bestuur vanjaar daargestel is, is om uit te reik na reünie groepe en dit vir hulle makliker te maak om reünies te reël deur vir hulle etes by die klubhuis aan te bied. Ons het ook die koshuis genader om te deel in hierdie projek in die vorm van "kosblik" pakkies wat hierdie groepe kan geniet wanneer hulle deur die skool toer. Tot dusvêr het ons baie positiewe terugvoer ontvang.

Die HSMO het vanjaar verskeie leerders bygestaan deur geld by te dra vir streeks- en provinsiale deelname aan sport en sporttoere. Ons is baie trots op ons leerders wat ons op hierdie vlakke verteenwoordig. Alles draai nie net om sport nie en ons het ook leerders ondersteun wat ons op kultuurvlak moet verteenwoordig by ons plaaslike Jeugkunstefees. Ons wil egter ook graag ons onderwysers ondersteun, op welke manier ook al, want ons weet dat die skool nie kan funksioneer sonder ŉ gelukkige onderwyserskorps nie. Voorstelle hiervoor is welkom.

Die HSMO bestuur wil die bestuurspanne en HSMO lede van vorige jare bedank vir die tyd en moeite wat ingesit is om die geld in te samel wat die fondasies gelê het vir die goeie werk waarop ons vandag kan voortbou. Ons glo dat die Ondersteunersklub ŉ bate vir die skool is en nog baie jare met trots ons skool sal help uitbou. Om deel te word van hierdie groep passievolle ouers kontak Mariek (dettbarnm@gmail.com) of Lize (lize@hartspotteri.co.za).

Met dank.
HSMO Bestuur 2024

# 4. AKADEMIE

## 4.1 MATRIEKUITSLAE 2023:

Ons is voorwaar baie trots op die Matriekklas van 2023! Ons matrieks van 2023 lewer 4 leerders met `n gemiddelde A-simbool en 11 leerders met gemiddelde B-simbole. Verder behaal hulle ook die pragtige prestasie deur 'n 97,7% slaagsyfer te behaal!

Wat die uitslae van 2023 verder besonders maak, is die feit dat 64% van die matrieks toelating tot verdere onderwys en opleiding behaal en dat dié klas 56 vakgemiddelde A-simbole verwerf.'n Uitstekende prestasie om op trots te wees!

Baie geluk aan die Matriekklas van 2023! Julle uitslae is puik en ons is baie trots op elkeen van julle! Julle het bewys dat niks 'n Montie kan onder kry nie!

**Ons top 10 kandidate is soos volg:**
**Gemiddeld**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Geriant Segelaar | (7 Onderskeidings) | 88,3% |
| 2. | Raynard Mitchell | (5 Onderskeidings) | 85,1% |
| 3. | Ewan Coetzee | (4 Onderskeidings) | 81,7% |
| 4. | Carli Prins | (5 Onderskeidings) | 81,7% |
| 5. | Ann-Lumèy Pieterse | (3 Onderskeidings) | 79,1% |
| 6. | Bryden Baartman | (3 Onderskeidings) | 78,4% |
| 7. | Zoë Hahndiek | (3 Onderskeidings) | 77,4% |
| 8. | Christian Swart | (3 Onderskeidings) | 77,1% |
| 9. | Willem Nel | (3 Onderskeidings) | 75,6% |
| 10. | Jean-Pierre Matthee | (2 Onderskeidings) | 72,9% |

Baie dankie aan ons toegewyde personeel en Beheerliggaam vir al die ekstra tyd, energie en liefde vir ons leerders. Baie geluk aan elke ouer/voog met u kind se pragtige uitslae. U het rede om trots te wees!

### 4.2 WKOD-SISTEMIESE TOETSE:

Op Donderdag die 10de Oktober het die jaarlikse WKOD se sistemiese toetse vir ons graad 9's plaasgevind. Al die graad 3's, 6 en 9 leerders van publieke skole in die hele Wes-Kaap het deelgeneem aan hierdie toetsing. Die leerders het toetse afgelê in Wiskunde en in Tale.

### 4.3 UITSLAE GRAAD 8 – 12:

Ons leerders werk hard en gee elke dag net hul beste. Puik prestasies is behaal in elke graad. Hier volg die top 20 presteerders (in alfabetiese volgorde) aan die einde van kwartaal 3:

**Graad 8:** Buren Anthony, Lodewyk Beukes, Meone Bure, Ruan Cloete, Corlea De Koker, Carla Dettbarn, Denisia Domingos, Llyle Fluks, Ridduwan Herdien, Aneischa Jakobs, Themlynne Jansen, Lienka Joubert, Kayla Kotzé, Lee Kotzé, Ané Nomdo, Aneisha Philander,Shané Pikaan, Zack Roos,Wilmaré Swanepoel, Hannli Volschenk

**Graad 9**: Anzelle Albanie, Erin Banda, Keisha Botha, Anél De Bruyn,Tyricha De Wee, Mia Ellis, Isabelle Hahndiek,Quinzil Jansen, Jaime Johnson, Stella Meyer,DJ Minnaar, Henko Nel, Miné Olivier, Fannwin Plaatjies, Akirah Saroner, Revean Segelaar, Courtney Toorn, Adriana Visagie, Chrissandra Wiese

**Graad 10**: Jacobus Beukes, Juané Burger, Sergio Burger, Elissa Conradie, Mia Dettbarn, Tsenré Ernest, Euwaycia Eyberg, Joël Gordon, Peter Hattingh, Thamson Jansen, Zaywon Kana, Janae Le Roux, Nina Malherbe, Ruby-Rose O'Shea, Emma Olivier, Mieke Olivier, Danika Schoeman, Tashley Skippers, Jadelyn van Wyk, Anja Wolfaardt

**Graad 11**: Nimra Ahmed, Joney Booysen, Tanya Brand, Arno Datson, Callum Flesch, Suné Geldenhuys, Linathi Gxagxa, Jomar Hanekom, John Hattingh, Cameron Jansen, Tasneem Jansen, Lieschen Joka, Halle Joseph, Richard Knipe, Siyambonga Lirafu, Kezia Malgas, Sias Meyer, Jaywin Noemdo, Mikayla Theron, Almay Wolmarans.

**Graad 12:** Ferdin Africa, Liani Beetge, Nina Beukes, Chelsea Booysen, Nicholas Brunings, Stefanie Burger, Chriszaan Conradie, Petri Fourie, Lyall Kleynhans, Rossouw Kriel, Chadwin-Dee Lottering, Bronley Pearson, Franco Stemmet, Jana Strydom, Judah Taedi, Gabriel Telford, Nicole van der Walt, André van Deventer, Edrick van Zyl, Arno Wright

**Top presteerders in graad 12:**

Ons is saam met hul ouers/ voogde trots op die leerders wat skitterend presteer het. Ons glo dat met volgehoue harde werk deur die leerders tesame met ons toegewyde opvoeders en ondersteuning van ons ouers/voogde, ons leerders selfs nog beter sal kan presteer en dat die akademie van Hoërskool Montagu elke jaar net nog meer kan verbeter.

## 4.4 EKSTRA KLASSE:

Personeel skep geleenthede en is beskikbaar vir ekstra klasse. Onderwysers is elke Woensdag direk na skool beskikbaar vir akademiese hulp, maak net asb. vooraf ‘n aspraak by die betrokke onderwyser. Ons fokus is veral die kernvakke, maar die ander vakke se personeel is ook beskikbaar. Leerders moet self met hulle reël – die onderwysers help graag. Ekstra hulpklasse vir graad 12 is aangebied om leerders te help met moeilike konsepte en om die verlore onderrigtyd a.g.v. skoolsluiting weens slegte weerstoestande in te haal.

## 4.5 AANLEGTOETSE:

### GRAAD 9 VAKKEUSE

Op Donderdag, die 23ste en Vrydag die 24ste Mei, het oom Kobus Wium aanlegtoetse met ons graad 9’s kom aflệ met die oog op moontlike vakkeuses en loopbaankeuses vir hul graad 10 jaar en na skool.
Alles het baie goed afgeloop en oom Kobus het dan ook hul aanlegtoets resultate later beskikbaar gestel. Ouers/voogde en leerders kan nou hierdie inligting gebruik om hul te help met hul vakkeuses vir volgende jaar.
Op die 19de Augustus het daar ‘n graad 9 vakkeuse aand plaasgevind, waar ouers/voogde en leerders teenwoordig was. Oom Kobus was ook die dag beskikbaar gewees, indien ouers ‘n gesprek met hom wou voer oor die leerders se resultate. Elke vakhoof het ook sy/ haar vak se inligting met die ouers gedeel.

### 4.6. TOP 20-AKADEMIESE FUNKSIE:

TOP-20 AKADEMIESE FUNKSIE

Die Top-20 Akademiese funksie is ingestel om erkenning te gee aan leerders wat uitstaande akademiese prestasie lewer. Die Top-20 akademiese presteerders in elke graad ontvang elke kwartaal 'n balkie gedurende die spog-funksie. Die top vyf presteerders se name en gemiddelde word ook bekend gemaak.

# 5. KULTUUR & LEIERSKAP

### 5.1 KULTUUR

Die kultuur by HSM brei elke jaar uit en nuwe projekte word aangepak om die leerders die beste moontlike geleentheid te bied om hul talente te ontdek en uit te leef.

- MEKKA – gedurende die tweede kwartaal het HSM 'n baie suksesvolle Kultuuraand gehou waar leerders hul talente met die gehoor kon deel. Dit was 'n baie genotvolle aand met heelwat talent.
- KULTUURWEEK – in die tweede kwartaal kon leerders aan 'n wye verskeidenheid aktiwiteite deelneem en het nuwe vaardighede ontdek. Die fokus van die kultuurweek is om so veel as moontlik leerders te betrek.
- KOOR – die skoolkoor het weereens deegenaam aan HSM se koorfees en is ook deel van die massakoor, 'n ondervinding wat hul vir altyd sal onthou. Hul word ook uitgenooi om tydens die Kerssangdiens van NG Kerk Montagu op te tree. Die koor sal ook tydens die prysuitdeling optree. Die skoolkoor groei elke jaar en leerders geniet dit om saam te kan sing.
- INDABA – die skoolkoerant word vier maal per jaar digitaal uitgegee. Die skakel is op die skool se sosiale platforms beskikbaar. Die skoolkoerant bevat aktuele nuus oor die skool en personeel en die redaksie kry die geleentheid om hul joernalistieke vaardighede te ontwikkel.
- SENIOR REDENAARS – HSM het knap en selfversekerde sprekers. Kezia Malgas is aangewys as die senior wenner.
- JUNIOR REDENAARS – HSM bied 'n baie suksesvolle redenaarskompetisie vir die juniors aan. Hulle het hul baie goed van hul taak gekwyt. Die wenner is Lodewyk Beukes.
- ENGELSE SPELLING BEE (Spel kompetisie) – Leerders neem ywerig deel aan die junior en senior *Spelling Bee* en vaar baie goed. Die Senior *Spelling Champ* is Ruby Rose O'Shea en die junior, Mia Ellis.
- AFRIKAANSE SPELKOMPETISIE – Leerders neem deel aan die junior en senior Spelkompetisie en vaar goed. Die Senior spelkampioen is Janae le Roux en Tamia London, die junior.
- SENIOR PUBLIC SPEAKING – leerders kwyt hul goed van hul taak en die kompetisie was straf. Franco Stemmet is die wenner.

- JUNIOR PUBLIC SPEAKING – leerders het interessante sienings en is lug hul opinie met selfvertroue. Jaime Johnson is die junior wenner.
- DRAMA – Die Drama het hierdie jaar weer begin en alhoewel daar op hierdie stadium min leerders is, is hul opgewonde om deel te neem. Hul is hard aan die oefen om eersdaags 'n produksie op die planke te bring.
- CSV – Daar is 72 kringleiers die jaar betrokke by die CSV, onder leiding van Ds. Suzette Turner. Die CSV bestuur, onder leiding van Suné Geldenhuys en Halle Joseph, het gereeld in die saal geopen met skriflesing en gebed. Hulle was ook verantwoordelik vir die CSV-aansteekbord. Ons het op 'n gereelde basis gassprekers gekry wat ons besoek het. Daar is verskeie waardes tydens CSV sessies bespreek en behandel. Hierdie jaar het ons gefokus op liefde, hoop en geloof. Ons het verder ook geleer hoe hierdie waardes ons toerus om in die lewe te volhard en te oorwin. Die hoogtepunt bly verseker die lofliedere wat tydens elke CSV diens gesing word!
- BIBLIOTEEK- Einde November 2023 is 132 splinternuwe trefferboeke aangegekoop - Afrikaans, sowel as Engelse leesboeke. Danksy 'n wye verskeidenheid leesboeke vermeerder die lesergetalle jaarliks.
  Dankie vir die 17 biblioteekprefekte vir julle toegewydheid en entoesiasme.Dis regtig 'n spog-biblioteek!
- LANDSDIENS-Hierdie jaar het ons 'n vol program gehad met leerders wat verskeie projekte aangepak het wat hul na aan die hart lê. Leano Verhoog en Pietie Hattingh het op verskillende Wes-Kaap Kampe gegaan waar hulle hulself verryk het met Diensbaarheid. Leano word op so' n kamp gekies om aan die einde van die jaar die Wes-Kaap te verteenwoordig op die Nasionale kamp in die Vrystaat.
- VISUELE KUNS-Die kunsleerlinge het hierdie jaar weer deelgeneem aan die Montagu Jeugfees en verskeie groot pryse gewen. Franco Stemmet en Hermien Potgieter was Trofee wenners en hul werke het na die fees op 'n veiling gegaan waar die publiek dit kon koop. Aan die einde van die derde kwartaal het die matrieks 'n groot uitstalling gehad van hul beste werke van Gr. 11 en Gr. 12. Hierna is hul uitstalling op digitale formaat na Kaapstad gestuur waar dit verder gemodereer sal word.
  Verder woeker almal van Gr. 8 tot Gr. 11 met hul kunstalente en word daar kwartaalliks van hul beste werke uitgestal in die skool se gange.
- PLATINUMBAL-Ons het vanjaar vir die eerste keer ons Platinumbal gehou op Dinsdag 17 September. Dit is 'n geleentheid vir graad 8 tot 12 leerders om vir ou laas formeel saam te kuier, voordat die matrieks met hul NSS eksamen begin.
  Dit was 'n spoggeleentheid wat deur ons skool se ongelooflike ouers/voogde moontlik gemaak en aangebied is! Baie dankie aan elkeen se (BAIE) harde werk!

## 5.2 LEIERSKAP

BK 2024: Nina Beukes (Hoofmeisie) , Stefanie Burger (Onderhoofmeisie) Petri Fourie, Jaylin Joka, Rossouw Kriel (Onderhoofseun), Chadwin-Dee Lottering, Lyzé Pekeur, Keenen Plaatjies, Anané Saunders, Jessica Schoeman, Franco Stemmet (Hoofseun) VOOGDE: mev. Van Niekerk en mnr. Olivier.

Die BK van 2024 het ‘n baie suksesvolle termyn agter die rug en hulle goed van hulle taak gekwyt. Ons is opgewonde oor die nuwe tradisie, deur 2024 se BK geïnisieer, wat aan einde van die jaar in werking tree en in die toekoms deel sal uitmaak van elke leerder se skoolloopbaan as ‘n Montie. ‘n Klok sal by die voordeur van die skool hang. Elke Graad 8 leerder sal die geleentheid kry om die klok te lui op hul eerste skooldag as die simbool van die begin van hul hoërskoolloopbaan. Op die laaste dag, na afloop van die Matrieksaal, sal leerders weer die geleentheid kry om die klok te lui as simbool van die einde van hul skoolloopbaan. Behalwe vele geesvang dae wat gereël is, is een van die hoogtepunte altyd Mnr. en Mej. HSM. Hierdie jaar het ons ‘n draai in Parys gaan maak met die “Olimpiese Spele” en dit was weereens ‘n groot sukses. Hulle laaste amptelike funksie is die Oskar-saal waar erkenning aan mede-leerders gegee word. Die BK se termyn verstryk aan die einde van die derde kwartaal, wanneer hulle die vaandel aan die nuwe BK oorgee na ‘n suksesvolle jaar.

SENIOR VLR 2024: (Gr. 10) Jacobus Beukes, Mia Dettbarn, Ruby-Rose O’Shea, Zaywon Kana, Janae Le Roux, Sergio Burger. (Gr. 11) Jamelia Du Toit, Jomar Hanekom, John Hattingh, Kezia Malgas, Jaywin Noemdo, Amy-Leigh Shirley. Die voogde is mnr. Booysen en mev. Van Brouwershaven.

Senior VRL – Die Senior VRL het hulle goed van hul taak gekwyt deur deurlopend deur die jaar te help met die dissipline in die rye en gange. Hulle het ook gehelp om waardes maandeliks bekend te stel deur die waarde aan die leerders te verduidelik tydens saal, asook slagspreuke in die skool se gange op te sit om die waardes uit te beeld. Daar is ook twee baie suksesvolle sokkies gehou nl. ‘n Valentynsdans met die tema “*Night in Paris*” en ‘n Winterbal met die tema “*Met Gala*”. Baie dankie vir elke VRL-lid wat hulle tyd opgeoffer het vir diens aan die skool.

JUNIOR VLR 2024: (Gr. 8) Lodewyk Beukes, Dewald Datson, Themlynne Jansen, Ané Nomdo, Aneisha Philander, Zack Roos, (Gr. 9) Anzelle Albanie, Chayim du Toit, Corli Gous, Jaime Johnson, Henko Nel, Adriana Visagie. Die voogde is mnr. King, mev. J. Swanepoel en mev F.Roux

Die Junior VLR het die jaar afgeskop met ‘n opwindende en bedrywige kwartaal een. Valentynsdag was kleurvol met ‘n rooi, wit en swart sivviedag as deel van die fondsinsameling. Die middag het hul ‘n piekniek gehou vir die graad 8 en 9 leerders. Die nuwe graad 8’s het dit baie geniet en lekker gedans en nuwe vriendskappe is gevorm.

Vroeg in die tweede kwartaal was die leerders baie kreatief met die lekker southappies wat verkoop is. Na afloop van 'n stresvolle eksamen, kon die leerders heerlik ontspan tydens 'n baie suksesvolle Winterbal. Baie dankie vir elke VLR-lid se harde werk gedurende die jaar.

Die verkiesing van die leiers vir 2025 is reeds in die derde kwartaal afgehandel. Die rade het reeds begin diens doen. Hul het amptelik hul Eed as leiers onderteken tydens die Inhuldigingseremonie op 5 September. Die graad 8 VLR vir 2025 sal gedurende die eerste kwartaal van 2025 verkies word.

Die leerderleierskap van Hoërskool Montagu is gesond en onder leiding van die verskeie voogde word die waardes van Monties uitgeleef

# 6. SPORT

**KRIEKET**- Hoërskool Montagu se krieketspanne het verjaar baie goed gevaar. Ons skryf 3 spanne in die onderskeie ligas in, O/15A, O/19A en 'n dogters krieketspan. Al die spanne vaar baie goed in hul onderskeie ligas en die O/19A-span en al drie spanne wen vanjaar hul Interskole wedstyde.

**RUGBY**- Hoërskool Montagu skryf verjaar 8 spanne in die onderskeie ligas in, O/19A, B en C, O/16A, O/15A en B en O/14A en B.
Al die spanne het verjaar baie goeie rekenskap van hul self gelewer en ons het gewys ons hoef nie terug te staan vir die veel groter skole anderkant die berg nie.
Die O/19A-span het weer deelgeneem aan die jaarlikse Oakdale rugby-toernooi in Riversdal. Die span speel baie mooi rugby en is weer uitgenooi om die toernooi in 2025 by te woon
Vanjaar is Renaldo Koker opgeneem in die Boland O/21 Rugbyspan wat in September met hul bepalings begin het. Baie geluk Renaldo, ons is trots op jou!

**SKAAK**- Ons Skaakspan het uitstekend presteer in 2024. Met verskeie van ons spelers wat op provinsiale vlak deelgeneem het. Op skoolvlak was ons skaak onoorwonne teen ander skole met die hoogtepunt toe ons span die Interskole wedstryd kon gewen het teen 'n baie sterk Bredasdorp span.

**ATLETIEK**- Ons atlete het uitsonderlik gedoen die jaar. By die Kleure Atletiek is drie nuwe atletiekrekords verbeter in gewigstoot, driesprong en verspring deur onder andere Zack Roos en Algurvine Everson in hul ouderdomsgroepe. Ons atletiek het ook puik presteer op streeksvlak waar 5 van ons atlete: Zack Roos, Gehard Beetge, Stefanie Burger en Peter Wayne Soldaat, opgeneem is in die Bolandspan wat deelgeneem het by die Wes-Kaap se kampioenskappe.

**BERGFIETSRY-** Ons Bergfietsry groei elke jaar en oefen deurlopend baie hard deur die jaar. Ons fietsryers het geleentheid gekry om aan wedrenne deel te neem. Sias Meyer het die jaar aan die Wes-Kaap se bergfietsry kampioenskappe deelgeneem en baie goed presteer. Ons hou sy talent dop. Ons het weereens die HSM Boomerang challenge aangebied die jaar. Die hoogtepunt vir die jaar was beslis toe ons as gasheer Bredasdorp se span kon uitdaag. Ons het onderskeidelik eerste en tweede plekke behaal.

**TENNIS-** Hoërskool Montagu het 5 spanne in hul onderskeie ligas. Die 1ste spanne neem ook deel aan die Arende Afslaan toernooi in die Strand, waar hul die B-afdeling gewen het. Die Monties het vanjaar baie goeie rekenskap van hulself gelewer en spog ook met Henko Nel wat die Boland Kavaliers span verteenwoordig het.

**GHOLF-** Hoërskool Montagu skryf vanjaar 2 spanne in vir die Boland-liga. Die 1ste span het goeie gholf gespeel deur die jaar en het 4de in die liga geëindig. Die 1ste span het ook ‘n uitstekende wen opgelewer by die Interskole met ‘n telling van 62-45 en die 2de span verloor ongelukig met ‘n punt, 44-45.

**HOKKIE-**Hoërskool Montagu het ‘n fantastiese hokkieseisoen gehad. Vyf hokkiespanne het ligawedstryde gespeel naamlik, 0/18 en 0/16 seunsspanne en 0/18 A & B en 0/16 dogterspanne.
Ons het vanjaar drie spanne na Charlies se hokkiefees in Ceres geneem gedurende die Maart vakansie.
Ons hokkietalent groei met 4 leerders wat Noord-Boland kleure verwerf en 2 wat Bolandkleure gekry het. Jadin Cassey is opgeneem in die Boland 0/18 B hokkiespan en Christian Hartman was gekies vir die Boland 0/14 IPT span. Baie geluk manne ons is ongelooflik trots op julle!
Ons neem ook afskeid van Hanli Marais wat as buite-afrigter die afgelope paar jare soveel hokkieliefde gedeel en gekweek het. Baie dankie Hanli!

**INDOOR HOKKIE-**Ons streek het vanjaar vir die eerste keer ‘n indoor hokkieliga gehad. Die wedstryde is in die Callie de Wet-saal in Robertson gespeel. Een dogter- en een seunsspan het aan die liga deelgeneem.
Die seuns het deurgedring na die semi-finaal wedstryd, maar het net-net teen Swellendam verloor.

# 7. GROND EN GEBOUE

**Fisiese Geriewe / Terrein / Toerusting**

Die geboue/terrein en toerusting komitee, onder leiding van mnr. Peter Strydom, is baie aktief. Die grootste projek van die afgelope jaar is verseker die skool se sonpanele en batterystelsel. Hierdeur het ons verseker dat ons ook bydra tot groen-energie en verder is ons verseker van krag tydens kragonderbrekings. Daar is die afgelope jaar talle ander projekte aangepak, wat onder andere die volgende insluit: die nuwe badkamers vir volwassenes by die A-rugbyveld, rondom is netjies gemaak, nuwe dromme ("wheelie bins") met die skool se logo op is aangekoop, nuwe doelhokke is aangeskaf, tellingborde is oorgedoen, algemene verfwerk is gedoen, nuwe bankies by die klubhuis se wal is aangebring, opgradering van die hokkievelde se speeloppervlakte, herstelwerk aan die los pawiljoene en algemene verbeteringe en instandhouding. Ons nuwe gimnasium is uitgebrei en word voluit gebruik en baie werk is aan ons pad gedoen. Sekuriteit en veiligheid is vir ons belangrik en die eerste fase van die installering van kameras is gedoen. Die Ondersteunersklub het die skeepsvraghouer omskep in sitplekke by die A-hokkieveld en dit vertoon werklik pragtig. In samewerking met Laerskool Montagu, is twee hokkievelde ontwikkel. Mnr. Strydom en sy span werkers sorg dat ons terrein netjies is en die skoolgebou en toerusting 'n voorbeeld is vir die meeste ander skole. Meer as R630 000 is hierdie boekjaar uit eie fondse bestee aan verbeteringe en instandhouding. Ons fokusprojekte vir die volgende jare is verdere verbeteringe van ons sekuriteit, instandhouding aan ons tennis- en netbalbane en besproeiing vir ons velde.

# 8. DISSIPLINE

**Dissipline en Skoolbywoning**

Die pad na 'n suksesvolle skool begin by dissipline, wat op sy beurt begin by korrekte skooldrag en goeie klaskamerdissipline. Die gedragskode is vanjaar hersien en die leerders het ook geleentheid gehad om insette te lewer. Verder is die gedragskode vir 2024 aan die begin van die jaar met elke leerder in die skool behandel en elkeen het 'n afskrif daarvan ontvang. Daar word van die onderwyspersoneel en leerlingleiers verwag om die gedragskode toe te pas en afwykings dadelik aan te spreek. Oor die algemeen kom die groter meerderheid van ons leerders die gedragskode nougeset na.

Goeie maniere en die regte waardes is die grondslag vir die gesonde voortbestaan van ons skool, dorp en land. Hoërskool Montagu streef daarna om te help verseker dat dit wel die geval is, deur spesifieke waardes en beginsels jaarliks na te streef en uit te leef. Die skool se Dissipline- en Beleidskomitee, onder leiding van mnr. Niel Joubert, sorg dat alle beleidstukke in plek is. Oor die algemeen is die dissipline van HSM goed. Kleredrag van die leerlinge is netjies en korrek, hulle gedrag is goed en akademiese

verpligtinge word nougeset nagekom. Die huidige dissiplinestelsel werk goed en wanneer afwykings voorkom, word die nodige stappe geneem wat die volgende insluit: strafklasse, ouergesprekke, die weerhouding van voorregte en tydelike skorsing. Min ernstige dissiplinêre oortredings het die afgelope jaar plaasgevind en slegs `n paar dissiplinêre gesprekke en verhore het plaasgevind. Oor die algemeen is ons leerders se skoolbywoning baie goed en is die gemiddelde weeklikse teenwoordigheidsyfer bo 95%.

# 9. WAARDES (T2P)

Daar word elke maand op 'n spesifieke waarde gefokus. Die Junior VRL, Senior VRL en die Bestuurskomitee werk om die beurt om die waardes aan die skool bekend te stel vir elke maand. Die waarde word bekendgestel in die saal, asook geïmplimenteer in die skool. Die waardes was soos volg:

| **MAAND** | **WAARDE** | **GROEP** |
|---|---|---|
| JANUARIE | DISSIPLINE | BK |
| FEBRUARIE | INTEGRITEIT | SNR VRL |
| MAART | EERLIKHEID | JNR VRL |
| APRIL | LOJALITEIT | BK |
| MEI | VRIENDELIKHEID | SNR VRL |
| JUNIE | OMGEE | JNR VRL |
| JULIE | TOEGEWYDHEID | BK |
| AUGUSTUS | BETROUBAARHEID | SNR VRL |
| SEPTEMBER | DOELGERIGTHEID | JNR VRL |
| OKTOBER | VERANTWOORDELIKHEID | NUWE BK |
| NOVEMBER | DANKBAARHEID | NUWE VRL |
| DESEMBER | DIENSBAARHEID | NUWE VRL |

Daar is baie moeite gedoen met die implementering van die waardes. Die jaar het afgeloop soos beplan en die rade het hulle goed van hul taak gekwyt. Die implementering van die waarde elke maand, lê klem daarop dat die leerders nie net vakinhoud by die skool leer nie, maar dat daar ook aan hul menswees gewerk word. 'n Gebalanseerde leerder is 'n gesonde leerder.

# 10. KOSHUIS

Huis van Velden Koshuis is ‘n koshuis vir die Hoër- en Laerskool. Daar is tans nege en dertig leerders in die koshuis, twaalf seuns en sewe en twintig dogters. Daar is elf personeellede wat in die koshuis woon. Die koshuis het net soos die skool ook sonpanele en ‘n battery gekry, dus is beurtkrag iets van die verlede by die koshuis. Die koshuis het ‘n suksesvolle jaar op alle gebiede gehad. Ons fokuspunt vir die jaar was om die koshuislewe só lekker as moontlik te maak, maar terselfdertyd ‘n goeie balans te handhaaf. Die koshuis bied ‘n veilige omgewing, ‘n standvastige roetine met vaste etenstye, studietye asook genoeg tyd om sosiaal te verkeer. Ons leerders wat hul studietye benut presteer dus goed akademies. Ons het leerders wat in die top 20 in hul grade lê. Ons het ook leerders wie se punte dramaties verbeter het, vandat hulle besluit het om by die koshuis aan te sluit. Huis van Velden sal altyd daarna streef om gebalanseerde leerders te ontwikkel.

# 11.SLOTOPMERKINGS EN VOORUITSIGTE 2025

Aan die einde van ‘n besige jaar, is daar vele mense aan wie dank verskuldig is. ‘n Suksesvolle skoolhoof en ‘n skool kan nie effektief funksioneer sonder ‘n hardwerkende personeel wat altyd bereid is om die ekstra myl te stap, ‘n betrokke Beheerliggaam, ouers/ voogde, leerders en die gemeenskap se ondersteuning nie. Baie dankie vir elkeen wat betrokke is en ‘n bydrae gelewer het vir die afgelope jaar. ‘n Besondere woord van dank aan die lede van die Beheerliggaam, onder leiding van mev. Mariek Dettbarn, vir harde werk, ywer en effektiewe funksionering van al die werksaamhede van die onderskeie komitees. Ook aan die lede van die skool se Ondersteunersklub, ook onder leiding van mev. Mariek Dettbarn, vir al die projekte wat u die afgelope jaar aangepak het en die nuwe hokkie tegniese area wat suksesvol voltooi is. Ek wil ook baie dankie sê aan die skoolhoofde en personeel van ons voeder-laerskole en die personeel van Kring 1, onder bekwame leiding van mnr. Nico Solomon, vir u ondersteuning en goeie samewerking.

Ons is dankbaar vir ‘n besondere geseënde jaar vir Hoërskool Montagu en sien met groot verwagting uit na 2025. Die gebeure in ons land en reg oor die wêreld, het ‘n mens net weer laat besef hoe kosbaar die lewe is en dat ons elke oomblik voluit moet benut. ‘n Mens kan nie anders as om met dank na die afgelope twaalf maande terug te kyk nie en met entoesiasme uit te sien na 2025.

Ons leuse vir vanjaar is: “GLO – Geloof, Liefde & Omgee”. Ek wil elkeen bedank wat die afgelope jaar ‘n rol gespeel het om ons leuse uit te leef: opvoeders, leerders, ouers/voogde, oud-leerders en ondersteuners van die skool. Sonder u samewerking, lojaliteit en ondersteuning is die prestasies wat ons vanaand eer, nie moontlik nie.

‘n Spesiale woord van dank aan al die personeel van die skool. Julle het my hande op alle terreine gesterk en is staatmakers. Ek glo dat die personeel van ‘n skool, die skool se mees kosbaarste bate is. Dit is ‘n voorreg en ‘n eer om saam met u te werk. Die

sukses van die afgelope jaar was ‘n spanpoging. Ons is die skool in die platteland, vir die platteland. ‘n Skool met omgee-harte wat ons leerders se belange altyd eerste sal stel. Laaste, maar nie die minste nie. Alle eer en dank aan ons Hemelse Vader, sonder wie ons niks sou kon bereik nie. “Nisi Dominus Frustra” – sonder God is alles tevergeefs!

**JOHAN BENADIE**
**Skoolhoof: Hoërskool Montagu**
**10 Oktober 2025**